**R.W. VAN TONDER**
**POSBUS 6**
**KOEDOESKOP**
**0361**
Rep. of South Africa

TEL : 014-785 0600
FAX : 014-785 0611
SEL : 083-310 8300
e-mail : roland@alliedgroup.co.za

---

8 Mei 2009

VIR AANDAG:

| | | |
|---|---|---|
| Fanie Vogel | - Aurecon Group | e-pos: fanie.vogel@asf.aurecongroup.com<br>Sel: 082-325 3519 Faks: 012-663 3257 |
| Amelias Muller | - Aurecon Group | e-pos: amelius@arkateq.com<br>Sel: 082-807 4341 Faks: 012-991 2636 |
| Johan Pienaar | - Aurecon Group | e-pos: Johan.Pienaar@af.aurecongroup.com<br>Tel: 012-427 2537 |
| Donovan Henning | - Nemai Consulting | e-pos: donavanh@nemai.co.za<br>Sel: 082-891 0604 Faks: 011-781 1731 |
| Peter van Niekerk | - DWAF – Hoof Direkteur | e-pos: niekerk@dwaf.gov.za<br>Sel: 082-807 4981 Faks: 012-323 1532 |
| Ockie vd Berg | - DWAF – Hoof Ingeneur | e-pos: vdberg@dwaf.gov.za<br>Sel: 082-809 2011 Faks: 012-336 8295 |

c.c. Aan alle lede van Agri Forum/ Krokodil werksgroep/ Mokolo werksgroep

IS: MOKOLO EN KROKODIL (WES) WATERAANVULLINGSPROJEK

Ons verwys na ons skrywes gedateer 4 & 16 Februarie 2009, asook ‘n verdere skrywe gedateer 16 April 2009.

Op ‘n Raadsvergadering gehou te Koedoeskop op 21 April 2008 van die Krokodilrivier Wes Transvaal Besproeiingsraad, was Mr Amelius Muller & Mr Sweigelaar teenwoordig. Hulle het aan ons verduidelik van die ontwikkeling en beoogde waterverbruik van die Medupi Krag Sentrale naby Lephalala.

Ons het aan Mnr Muller ‘n paar vrae en idees voorgestel. Die mondelingse versoek is opgevolg 2 dae later met ‘n brief. Dit is nou meer as ‘n jaar later en ons het nog bitter min antwoorde gekry.

‘n Ander Raadsvergadering is gehou op die 18de Desember 2008 waar Mnr Fanie Vogel ons toegespreek het. Die raad het weereens sy kommer uitgespreek en vrae gestel.

Hierdie vrae is weereens geopper tydens die vergadering gehou te Thabazimbi op die 27ste Januarie 2009, en toe weer op die vergadering gehou te Ra Ditau op die 6de Maart 2009 & in die tyd wat ons toegelaat was op die Project Steering Committee vergadering van die 3de Februarie 2009 te Lephalale.

Die vergadering vir die Watersake forum nou bekend as die Agri Gespreksforum na die samesmelting van die Water & Omgewingssake Forum was geskeduleer vir die 2de April 2009, waarna die uitgestel is na 30 April 2009 en nou weer voorgestel vir die 26ste Mei 2009.

Die vergadering van die 26ste Mei 2009 kan plaasvind by Koedoeskop se Boeresaal aangesien daar +/- 25 mense teenwoordig sal wees. ‘n Goeie tyd vir die vergadering kan 11h00 wees aangesien daar mense van ver af kom. Gaan daar verteenwoordiging van Waterwese & Eskom wees?

Die eerste Krokodil-Wes Werksgroep vergadering is nou voorgestel vir die 14de Mei 2009, nadat dit ook verskeie kere uitgestel is. Ons kan dit hou by die Krokodilrivier Besproeiingsraad se raadsaal. Ons sal graag al die uitstaande punte wil bespreek. Die vergadering sal nie sinvol wees sonder ‘n senior persoon van waterwese nie.

Ons as Besproeiers verwag nou dringend antwoorde op hierdie vrae, kortliks saamgevat as volg & vra dat u die punte op die onderskeie agendas sal plaas:

1. Verhoging van Klipvoordam
2. Verhoging van Mokolodam
3. Bou van Boschkopdam
4. Bou van Vlieëpoortdam
5. Verwerkte data syfers van die water verby vloei by die verskillende meetpunte.
6. Uit studies wat ons self gedoen het blyk dit dat sonder opgaardamme daar in 4 uit die 10 Jaar nie voldoende water sou gewees het vir die Nywerhede nie as die aanvraag vir Medupi geskat word op 16 Miljoen Kubieke meter water per maand.
7. Met redelike opgaardamme sou daar ‘n baie goeie waterversekering gewees het vir die Nywerhede sowel as Landbou.
8. In tye van waterbeperkings gaan dit oor die hele opvang gebied toe gepas word, en deur wie?
9. Gaan daar watermeters oor die hele opvang gebied opgesit word, en wie gaan dit koop, installer, in stand hou en lees?
10. Gaan Besproeiings rade & ander besproeiers oor dieselfde kam geskeer word?
11. ‘n Fonds om buitelandse raadgewers aan te stel om onafhanklike ondersoeke te doen.
12. Wat van Makoppa wat na ons mening geen water gaan kry nie?
13. Vergoeding aan Deelnemers.
14. Arbitrasie prosedure in geval van ‘n verskil.
15. Deelname deur Eskom.
16. Uitstel van vergaderings.
17. Terug voering oor vrae.

Dit wil vir ons voorkom dat sonder addisionele opgaardamme ons as besproeiers nie meer as twee uit die tien jaar voldoende water gaan hê nie.

Met die geld wat spandeer word aan so ‘n projek sal ons moet kyk na nog opgaarruimte om die water voorsiening aan ons bure te prober verseker.

Die uwe

Roland van Tonder